Personeelkamer Opening

72. Die tralies

‘n Jong bruid uit die Ooste, vergesel haar man na ’n VSA-weermagkamp, geleë aan die rand van die woestyn in Kalifornië. `n Moeilike leefwyse, bedags warm en `n gedurige wind, wat alles met sand bestrooi, breek vir haar aan. Die dae was lank en vervelig. Geen bure met wie sy gemeenskaplike belange kon deel nie. En toe vertrek haar man boonop gevegsfront toe! Uit moedeloosheid skryf sy vir haar ma sy kom huistoe. Alles het vir haar net te veel geword.

Haar wyse moeder skryf terug: “Twee manne kyk deur die tralies van hul tronkselle; die een sien die modder, die ander een, sterre.” Die jong bruid lees die brief van haar ma oor en oor en sy bid die Here om ’n verandering in gesindheid in haar te wek. Sy neem `n positiewe houding teenoor haar omgewing in.

Sy begin die woestyn bestudeer. Nie lank nie, of sy kom agter die voorheen onherbergsame, afgesonderde woonplek, verander na ’n wonderwêreld. Sy bestudeer die kaktusplante en versamel skulpe, wat daar was toe die sand nog deel van die seebodem was! Die kennis wat sy opdoen, maak haar ’n kenner op dié gebied en sy skryf ’n boek daaroor.

Toepassing:

Wat het by haar verander? Die woestyn, hitte, sand, wind én die mense was steeds daar. Die verskil is, God het haar gesindheid verander. Deur die tralies van haar selfgemaakte selvenster, het sy nou sterre begin waarneem!

Wat sien jy vandag deur die tralies van jou omstandighede.

Met geloof in God, is daar ’n buitengewone verandering van krag, wat alle omstandighede kan hanteer. Die blydskap van dié wat geleer het om in Hom te vertrou, is groot!

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.